4 September 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom by vanoggend se

LENTELOFSANGDIENS !

Pearston gemeente - Hout

NG Gemeente Pearston bring weer 500 sakke hout. Dit sal teen 14 September beskikbaar wees, vir afhaal. Bestel gerus op een van die volgende maniere:

- Skakel die Kerkkantoor
- Bestel Sondag by die Erediens op die oranje bestelvorms by die deure.
- Whatsapp jou bestelling na 079 815 9325

Die Kerkkantoor as laat weet wanneer u dit kan kom afhaal. **Betaling geskied by afhaal!**

Indien u verkies om elektronies te betaal gebruik asseblief die **verwysing:** HOUT & u naam, (bv.: HOUT Pieter) . Stuur bewys van betaling na leandra@pehoogland.co.za.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens - Lentelofsangdiens : Ds Pieter

Lofkabouters tydens die erediens

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

Deurkollekte : Bybelverspreiding

Program vir die week

Dinsdag: 6 September
14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 7 September
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 8 September
19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag: 9 September
05:30 Mannebediening in die GROT

Saterdag: 10 September
10:00 Dorings & Daisies

Hoogland neem afskeid van ...

Francois Naude en ook Pieter & Sarie Scholtz wat die afgelope week ter ruste gelê is.

As geloofsfamilie bid ons vir Goddelike vertroosting vir hierdie drie families. Mag God vertroos soos net Hy kan vertroos.

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Handelsware

Kontak asseblief die Kerkkantoor indien jy belangstel in Hoogland se Fees Handelware wat nog beskikbaar is -

- Handgemaakte houtpenne R80 (slegs 40 in totaal beskikbaar)
- Reisbekers R60 (laastes beskikbaar)
- 250g Filter Koffie R100

Kerkraadsvergadering

U voorbidding word gevra vir die Kerkraadsvergadering eerskomende Donderdag, 8 September om 19:00 in die saal

HOOGLAND GEE OM #46

...VIR DIE SKEPPING

Hierdie week vier ons die draai van die seisoen na lente en dat God die Vader die Skepper van die heelal is.

Oorweeg dit om een van die volgende te doen:

- gaan gee 'n blom, plant of pakkie saad vir iemand
- neem halfuur en gaan stap langs die see (of enige plek in die natuur) en bewonder God se skepping
- tel dalk rommel op wat die skepping laat sug
- kyk hoeveel van die rommel in jou huis jy kan herwin
- kom gooi jou glasbottels in die houer vir glas by Hoogland

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 1 Isobellaan, Charlo | Whatsapp 079 815 9325

Ds. Pieter dra elke maand 'n ander kleur strikkie op sy baadjie ter bewustheid van verskillende tipes kanker. Hierdie maand se oranje strikkie verteenwoordig leukemie. Het u geweet leukemie is die mees algemene kanker by kinders en tieners jonger as 20 jaar.

STORIELYN: Plaat 9

vurkpad, vuisvoos, vrug, vrot, vreemd, vreemdelingskap, vraagteken, vooruitskouing, voorvereistes, voorwete, voortvlug, voortvlugtige, voortveg, voortskrydend, voortspraat, voortkanker, voortdryf, voorsê, vooropgesteld, voorspieëling, voorspel, voorskok, vooroordeel, voorkom, voorkombaar, voorkennis, voorhamer, voorgevoel, voorbode, voorbewing, voorbeskik, volhou, volgehoue, volhard, volhardend, voldoen, vlymend, vlymende, vlerkloos, vlerkaf..., vete, verwyt, verwytend, verwyting, verwyding, verwyder, verwese, verwens, verweer, verwar..., verwarring, verword, verwording, verwond, verwonding, verwikkeld, verwar, vervals, vervaag, vertroebel, verteken, verswyg, versweer, versuim, verstrik, versteek, versprei, versplinter, verskraal, verskrik, vernou, vernietig, vernietigend, verskop, vernis, vermis, verlak, verkose, verkore, verknog..., verkies, verklik, verklewe, verklaar, verkla, verkanker, verinneweer, verheel, verguis, vergood, vergif..., vergiftig, vergeld, vergeestelik, veretter, vererf, vereng, verdwyn, verdwene, verdwaas, verdwaal, verdroefdun, verdrink, verdring, verdraai, verdoop, verdoesel, verdink, verdenking, verdeel, verdeeld, verdag, verbrou, verbrokkel, verbreek, verbrand, veldbrand...

'n Gebed uit die Hart...

As ek om my rondkyk, Here,
sien ek die tekens van u grootheid en goedheid:
die inkomende gety in Algoabaai,
die volmaan oor die see by Swakopmund
die melkweg helder oor ons plaas,
La Mascotte, in die Oos-Kaap.
Dis die magtige werk wat U gedoen het.

Maar ook in die klein wonders
blyk u sorgsame hand:
swaeltjies onder die stoepdak in die lente,
erdwurms in die nat sooi
van 'n omgeploegde land,
en vuurvliegies wat helder skyn.

Nou kyk ek na myself:
Ek is 'n spikkel in die groot heelal.
Maar tog dink U aan my.
Met wetenskap en kultuur
voer ek met ander heerskappy:
God se wagters oor die wêreld
- in dié opsig byna soos engele.

Help my, Here,
om U weer in die alledaagse raak te sien.
Here, my Here,
hoe wonderbaar is u Naam
Oor die hele aarde!

(Piet Naude, uit Die Groot Gebedeboek)

STORIELYN IN DIE VOORPORTAAL:

Tydperk: 2012 - 2022 Kleurplaat: Goud

Ons was so goed op pad

"It was the best of times, it was the worst of times, it was the age of wisdom, it was the age of foolishness, it was the epoch of belief, it was the epoch of incredulity, it was the season of Light, it was the season of Darkness, it was the spring of hope, it was the winter of despair…"

Hierdie aanhaling uit Charles Dickens se boek, A Tale of Two Cities, herinner aan die werklikheid van Hoogland se geskiedenis wat afgespeel het tussen 2008 en 2016. In retrospek is dit maklik om terug te staan, die gebeure in oënskou te neem en die rigtingfoute by die kruispaaie van die verlede raak te sien. Tog kan ons nie hierdie werklikheid verander nie

Ofskoon ds. Alberts se oortuiginge rakende die doop om een of ander rede nie duidelik tydens die beroepsproses en die uiteindelike beroep van ds. Heinrich Alberts uitgeklaar is nie, het dit mettertyd duidelik geword dat ds. Alberts reeds teen die einde van 2001 homself geskaar het by die doop met die Heilige Gees asook die Belydenisdoop. Hy was reeds nie meer van die oortuiging dat die Verbondsdoop en die Nagmaal as die enigste twee sakramente van die Gereformeerde Kerk genoegsaam op die geloofspad is nie.

Binne die gemeente het hierdie geloofsperspektiewe stadig maar seker nie net kleingroepe, maar ook die groter-groeiende groepe soos die Mannebedieding, die Jeugbediening en die her-verrese Vrouebediening beïnvloed.

Hoogland se identiteit, verteenwoordig deur die goue draad (in die wortelstelsel op die eerste uitstalplaat aangedui), is in hierdie tydperk uitgedaag. Van eenheid was daar min sprake. In hierdie tyd was ons skuldig aan verdeling en verbrokkelde verhoudings. Klagtes is met teenklagtes opgevolg. As geloofsgemeenskap is ons verwond gelaat.

Op aanbeveling rig ds. Alberts vervolgens aan die Algemene Sinode van 2015 'n

uitgebreide Gravamen getiteld: "Herbeskouing van die Belydenisdoop as Verantwoordbare Gereformeerde alternatief." Die Gravamen word met 'n volstrekte meerderheid deur die Sinode afgewys en ds. Alberts word genoodsaak om uit die N G Kerk te bedank en 'n nuwe gemeente te stig. Daar word op 31 Januarie 2016 van hom afskeid geneem in die gemeente.

'n Beduidende aantal lidmate (van die gemeente) verlaat Hoogland in hierdie tyd en sluit óf by ander kerke aan óf volg ds. Alberts na die nuutgestigte Pharos Kerk.

Dit bring ons by die volgende plaat in die Storielyn.

Plaat 9: Die finale V's:

Die woorde op hierdie plaat wil elke waarnemer en leser daarvan voor die Here roep tot oordenking, herbeskouing en dieper besinning tot selfondersoek:

Is my geloof deur liefde tot dade besig om:

- te verdeel of te verenig;
- te verkla of vry te spreek;
- te verguis of te verbind;
- te veg of vrede te bring?

"I frequently hear persons exhorted to give their hearts to Christ, which is a very proper exhortation. But, that is not the Gospel. Salvation comes from something that Christ gives you, not something that you give to Christ. The giving of your heart to Christ follows after the receiving of Christ of eternal life by faith."

- C. H. Spurgeon -